

Dinsdag 1 September

Skrifgedeelte: Rut 1:1-5

Fokusgedeelte: Rut 1:2

God regeer in alle omstandighede!

Naomi se man se naam was Elimelek. Dit beteken: *My God is Koning*. Hierdie naam het egter 'n toets geword vir hom. Ons teks sê dit was in die tyd van die leiers. Daar was geen koning in Israel nie, elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë. In dié omstandighede lyk dit asof God nie die koning is wat aan alle dinge sin gee en sy beplanning uitvoer nie.

Daar kom hongersnood in die beloofde land. Hierdie man, Elimelek, met die naam *My God is Koning*, moet wegtrek na 'n heidense land toe, Moab. Daar moet hy as vreemdeling, sonder burgerskap en sonder eie koning, 'n heenkome gaan soek. Sekerlik het dit die mense daar se wenkbroue laat lig. Sy God is Koning, maar dit is tog 'n koning se taak om vir sy mense te sorg. Kyk dan nou na Elimelek se omstandighede. Uiteindelik sterf Elimelek daar in die vreemde. Waar is sy Koning nou?

Die getuienis van Naomi en Rut wys dat God Hom juis in en deur hierdie skynbaar hopelose situasie as Koning betoon. Naomi se omstandighede was ook op die oog af leeg en hopeloos. Tog kies Rut hierdie situasie. Waarom? Omdat haar verbondenheid aan Naomi opmaak vir die leegheid.

Jesus was ook in 'n skynbaar leë situasie, een waarin God nie optree en regeer nie. Die sonde, die bose en dood het skynbaar die oorhand. Tog is God se groot koninklike plan hier aan die gang en oefen Hy sy koninklike heerskappy uit. Wat daar gebeur, is beplan tot ons verlossing.

Deur die geskiedenis van Naomi en Rut kan ons ook weet: God is Koning! Hy werk sinvol, selfs wanneer ons lewe op die oog af deurmekaar lyk.

Sing Psalm 48-1:1, 2

Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)